higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N4

31 MEI 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

1.1	1.1.1	A		
	1.1.2	A		
	1.1.3	A		
	1.1.4	C		
	1.1.5	C		
	1.1.6	A		
	1.1.7	A		
	1.1.8	C		
	1.1.9	C		
	1.1.10	A		
			(10 × 2)	(20)
1.2	1.2.1	Waar		
	1.2.2	Waar		
	1.2.3	Onwaar		
	1.2.4	Onwaar		
	1.2.5	Waar		
			(5 × 2)	(10)
1.3	1.3.1	Gemiddelde veranderlike koste		
	1.3.2	Inkomste		
	1.3.3	Skaalopbrengs		
	1.3.4	Ekonomie		
	1.3.5	BBP (bruto binnelandse produk)		
			(5 × 2)	(10)
1.4	1.4.1	Markkragte van vraag en aanbod		
	1.3.2	Lone		
	1.4.3	Herstel		
	1.4.4	Relatiewe		
	1.4.5	Globalisering		
			(5 × 2)	(10)
				[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1 Dit is die hoeveelheid goedere en dienste wat verbruikers gewillig en bereid is om teen 'n gegewe prys en binne 'n bepaalde tydperk te koop. (2)

2.2
- Makro-ekonomie: Dit is die bestudering van die gedrag, struktuur en besluitneming van 'n land se ekonomie in sy geheel.
- Mikro-ekonomie: Dit is die bestudering van individue en firmas se gedrag tydens besluitneming oor die toekenning van hulpbronne. (2 × 2) (4)

2.3
- Die prys van die produk:✓ As die prys hoog is, is die aanbod hoog, en vice versa.✓
- Die prys van alternatiewe produkte:✓ As die prys van die alternatiewe produkte styg, neem die aanbod toe, en vice versa.✓
- Die koste van produksie:✓ As die produksiekoste hoog is, is die aanbod laag, en vice versa.✓
- Verwagte toekomstige pryse:✓ As toekomstige pryse na verwagting gaan daal, sal die aanbod afneem, en vice versa.✓
- Owerheidsbeleid:✓ Die regering se beleid kan veroorsaak dat aanbod óf toeneem óf afneem.✓
- Aantal verskaffers:✓ As daar baie verskaffers van 'n bepaalde produk is, is die aanbod hoog, en vice versa.
- Natuurlike toestande:✓ Natuurlike toestande kan veroorsaak dat die aanbod óf toeneem óf afneem.✓
- Tegnologie:✓ Die bekendstelling van nuwe tegnologiese metodes veroorsaak dat die aanbod toeneem.✓ (Enige 5 × 2) (10)

2.4 2.4.1 Die ewewigsprys is R150✓ en die ewewigshoeveelheid is 300.✓ (2)

2.4.2 Dit is die punt waarby hoeveelheid gevra gelyk is aan hoeveelheid aangebied. (2)

2.4.3 500 eenhede (2)

2.4.4 Aanbod = 400 en vraag = 200
= 400✓ minus 200✓
= 200✓ oortollige aanbod (surplus)✓✓ (5)

2.5
- Inkomste/Inkomsteverdeling
- Rente-/Belastingkoers
- Veranderinge in verwagtinge/verwagtinge van verbruikers
- Demografiese faktore
- Finansiële beleide
- Fiskale beleid (Enige 4 × 2) (8)

2.6
- Volmaak elastiese vraag
- Relatief elastiese vraag
- Eenheidselastiese vraag
- Volmaak onelastiese vraag
- Relatief onelastiese vraag (5)

2.7
- Die produkte is uniek, en daar bestaan geen goeie substituut nie.✓ GEEN ander produkte lyk naastenby soos die produk wat aangebied of verskaf word nie.✓
- Daar is slegs een verkoper van die produk.✓ GEEN ander bedryf/onderneming verskaf hierdie soort produk nie.✓
- Daar bestaan toegangsversperrings.✓ GEEN ander bedryf word toegelaat om die mark te betree nie weens patente en ander vorme van intellektuele-eiendomsregte.✓
- Daar bestaan geen mededinging nie.✓ Slegs een onderneming in die mark beheer die aanbod van goedere en dienste.✓
- Daar word groot bedrae aanvangskapitaal benodig.✓ Groot bedrywe soos Eskom en Sasol het miljoene rande se aanvangskapitaal nodig.✓
- Daar bestaan bepaalde regsoorwegings vir monopolieë.✓ Nuwe uitvindings word kragtens patenteregte beskerm.✓ (Enige 5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Nut is die totale bevrediging wat verkry word wanneer 'n produk of diens verbruik word. (3)

3.1.2
- Vormnut:✓ Om 'n behoefte/begeerte te bevredig, moet die produk in 'n bepaalde vorm of fatsoen bestaan.✓✓
- Pleknut:✓ Produkte of goedere moet geredelik op 'n bepaalde plek vir verbruikers beskikbaar wees.✓✓
- Tydsnut:✓ Produkte of goedere moet geredelik op 'n gerieflike tyd beskikbaar wees wanneer verbruikers dit nodig het.✓✓
- Besitsnut:✓ Die verbruiker moet voel dat hy of sy eienaarskap het van die produk/diens wat hy of sy gekoop het.✓✓

(Enige 3 × 3) (9)

3.1.3 Dit is die bykomende bevrediging✓ wat 'n verbruiker verkry✓ uit die verbruik van nog een eenheid van die goed of diens.✓ (3)

3.2 3.2.1 Die produksiemoontlikheidskromme toon kombinasies van enige twee goedere of dienste wat geproduseer of aangebied kan word wanneer die beskikbare hulpbronne ten volle en doeltreffend aangewend word. (3)

3.2.2 Nee, dit is nie moontlik nie✓ aangesien hulpbronne nie by daardie punt beskikbaar is nie.✓✓ (3)

3.2.3 Punt W✓ word as ondoeltreffend beskou omdat die hulpbronne daar nie ten volle aangewend word nie.✓✓ (3)

3.2.4 600 appels (2)

3.3
- Hierdie krommes kruis mekaar NIE.
- Hoër indifferensiekrommes word bo laer krommes verkies.
- Hierdie krommes buig binnewaarts (is konveks).
- Die helling daarvan is negatief. (4 × 2) (8)

3.4

KAPITALISME	BEPLANDE EKONOMIESE STELSEL
Eienaarskap: • Private individue besit feitlik al die produksiefaktore. • Sakeondernemings en ander organisasies besit ook produksiefaktore, veral grond en kapitaal.	**Eienaarskap:** • Alle produksiefaktore, buiten arbeid, word deur die staat besit. • Arbeidsdienste word deur die staat gerig, en daar bestaan geen privaat besit van eiendom nie aangesien alles genasionaliseer is.
Motivering: • Die verbruikers is produsente en hulle word deur suiwer selfbelang of private voordeel voortgedryf. • Die verbruikers beoog om hul individuele welvaart of nut te maksimeer. • Produsente het ten doel om hul wins te maksimeer. • Die owerheid word deur vergoeding van die goed deur die gemeenskap gemotiveer.	**Motivering:** • Daar word aangeneem dat die verbruikers, ondernemings (werkers) en die regering almal onselfsugtig is en vir die gemeenskap se algemene belang saamwerk. • Dit is in opvallende teenstelling met die meeste ekonomiese agente in 'n markekonomie, waar aanvaar word dat hulle slegs deur eiebelang gemotiveer word.

(Eienaarskap: 4 × 2 = 8)
(Motivering: Enige 4 × 2 = 8) (16)
[50]

VRAAG 4

4.1
- Pryselastisiteit van vraag
- Promosie-/Reklame-elastisiteit van vraag
- Kruiselastisiteit van vraag
- Inkomste-elastisiteit van vraag (4)

4.2 4.2.1

A = 10 + 18✓
= 28✓

B = 24/6✓
= 4✓ (2 × 2) (4)

4.2.2
- Vaste koste is koste wat die onderneming altyd moet betaal,✓ ongeag of produksie plaasgevind het of nie, en dit verander nie.✓
- Veranderlike koste is koste wat verander namate die aantal eenhede geproduseer verander✓ en dit bly nie konstant nie.✓

(2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

4.2.3 Grenskoste is bykomende koste wat aangegaan word✓ wanneer een bykomende eenheid van 'n produk geproduseer word.✓ (2)

4.3 4.3.1 Kort termyn: Dit is 'n tydperk waarin die firma nie in staat is✓ om minstens een van sy produksiefaktore/insette✓ te verander nie aangesien dit vas is.✓

Lang termyn: Dit is 'n tydperk waarin die firma in staat is✓ om al sy produksiefaktore/insette te verander.✓✓ (2 × 3) (6)

4.3.2 Dit is die bedrag wat die onderneming verdien vir elke eenheid van 'n produk wat verkoop word. (2)

4.3.3 TR (totale inkomste) = P (prys) × Q (hoeveelheid) (2)

4.4 Ekonomiese wins is die wins wat 'n onderneming maak, tesame met die normale wins,✓✓ wat 'n situasie meebring waarin inkomste bo die eksplisiete koste plus die implisiete koste is.✓✓ Dit staan ook as 'n surplus of oortollige of ekstra wins bekend.


Normale wins is die minimum opbrengs wat die eienaars verlang om die onderneming te kan voortsit,✓✓ 'n situasie waarin inkomste gelyk is aan eksplisiete koste plus implisiete koste.✓✓ (2 × 4) (8)

4.5 Normale goedere is goedere waarna die vraag toeneem sodra inkomste verhoog✓ en die vraag afneem✓ sodra inkomste verlaag.✓

Minderwaardige goedere is goedere waarna die vraag afneem sodra inkomste verhoog✓ en die vraag toeneem✓ sodra inkomste verlaag.✓ (2 × 3) (6)

Kopiereg voorbehou

4.6



Toekenning van punte

Benoeming van Feeshies (7–30) op die horisontale as (2)
Benoeming van Shellies (5–35) op die vertikale as (2)
Die plotting (stipping) van die kombinasies vir Feeshies en Shellies van punt A tot F en die trek van 'n kromme/lyn op die geplotte (gestipte) punte (6)

4.7 Volgens die wet van afnemende meeropbrengste neem die grensnut toe,✓ bereik 'n maksimum en neem dan af namate 'n persoon toenemend meer van 'n gegewe kommoditeit (goedere of dienste) verbruik.✓ (2)


[50]

VRAAG 5

5.1

- Volmaak mededingende mark:✓ Hierdie mark word deur talle verskillende kopers en verkopers gekenmerk.✓✓
- Monopolie:✓ In hierdie mark is daar slegs een verkoper van 'n bepaalde goed of diens, en daar bestaan geen substituut nie.✓✓
- Monopolistiese mededinging:✓ In hierdie mark word elemente van volmaakte mededinging en van 'n monopolie gekombineer.✓✓
- Oligopolie:✓ Daar is min verkopers van 'n produk of diens in hierdie soort mark.✓✓
- Monopsonie:✓ In hierdie mark is daar slegs een koper van 'n produk of diens.✓✓ (Enige 4 × 3) (12)

5.2



Toekenning van punte
Die trek van die grafiek waarop die horisontale appels op die horisontale as getoon word (2)
Die trek van die grafiek waarop die grensnut op die vertikale as getoon word (2)
Die trek van 'n grensnutkromme en die benoeming daarvan by die onderskeie punte (6)

5.3 5.3.1 Grensinkomste is die bykomende inkomste wat gegenereer word deurdat produkverkope met een eenheid verhoog word.

5.3.2 Die gemiddelde inkomste is inkomste wat per eenheid uitset verkoop gegenereer word.

(2 × 3) (6)

5.4 Totale inkomste: (Q) Hoeveelheid van produk × (P) Prys per eenheid (2)

5.5
- Produkte is homogeen (identies).
- Daar moet 'n groot aantal kopers en verkopers wees.
- Daar behoort geen sprake van voorkeurbehandeling/diskriminasie te wees nie.
- Daar moet vrye mededinging plaasvind.
- Daar moet doeltreffende vervoer en kommunikasie bestaan.
- Al die deelnemers moet volmaakte kennis van marktoestande dra.
- Die produksiefaktore is heeltemal beweeglik. (Enige 5 × 2) (10)

5.6 Natuurlike monopolie:✓ Hoë ontwikkelingskoste verhoed dat ander die mark betree. 'n Enkele onderneming kan dienste teen laer pryse aan die hele mark lewer vanweë skaalbesparings, byvoorbeeld water en elektrisiteit.✓✓

Kunsmatige monopolie:✓ Die toegangsversperrings is nie ekonomies van aard nie, maar word deur ander faktore soos 'n patent (wettige reg van 'n houer om 'n produk uitsluitlik te vervaardig) veroorsaak.✓✓ (2 × 3) (6)

5.7
- Die beskikbaarheid van substitute
- Die verbruiker se begroting
- Die aard van produkte
- Die invloed van tyd
- Gewoontevormende produkte
- Duursaamheid en uniekheid van die produk (Enige 4 × 1) (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou